WEES LIG. LEEF LIG.

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 2 Maart 2025
Tema: **Ek is Lig**

"MY JUK IS SAG EN MY LAS IS LIG"
I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.

OPENING

Deel met mekaar van 'n geleentehid waar iemand anders 'n klip uit jou pad gerol het.

Gesels oor die jukke wat mense soms op die skouers van ander mense plaas.

Sondag 2 Maart 2025
Tema: **Ek is Lig**

Ons teks vir hierdie reeks is Mat.11:28

MATTEUS 11:28-30

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. **My juk is sag en my las is lig**."

In die Boodskap / Message:

Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. ***I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.***

Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.

Notas

Om aan te sluit by verlede week se besprekings oor God se ongekende genade, beweeg ons nog 'n trappie hoër.

KOM ONS LEES

ROMEINE 8:33
"Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry."

Sondag 2 Maart 2025
Tema: **Ek is Lig**

Ons staan nie net verstom oor God se genade nie, maar staan ook verstom oor God se goedheid wat Hy aan ons bewys deur ons nie te veroordeel nie, vir ons in te tree en om voordurend vir ons lief te wees.

Kyk na die volgende verse in Romeine 8 en gesels met mekaar daaroor:

":31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?"

":32 Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?"

":34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."

":35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?"

":37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet."

":38-39 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte :39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

Sondag 2 Maart 2025
Tema: **Ek is Lig**

Notas

Gevolgtrekking: **Ek is lig**

Om ligter te kan leef, help dit baie as ek verstaan dat ek vrygekoop en geliefd is.

Wanneer ek dan nou met sulke oë vol genade en liefde na ander mense kyk (as geliefdes van God) moet my hart sag word en sal ek met God se liefde en genade ander mense kan hanteer – selfs al is hulle soos ‘n Petrus wat my verraai het, of soos 'n Paulus wat my vervolg het.

VERDERE GESPREK

Ons is nie regters nie – ons is begenadigdes.

Sondag 2 Maart 2025
Tema: **Ek is Lig**

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg uit Sondag se eredienste op ons kampusse?

Notas

MAAK VAS

- Hoe voel dit om ‘n geliefde van God te wees?
- Dink na aan hoe groot die volgende woorde is: **niks kan my ooit van Sy liefde skei nie**.
- Wie is daar wat jou vergifnis, genade of liefde nodig het en van wie jy dit dalk tans weerhou.

Gebed
God is liefde juig ons harte en bedink wat liefde doen. Dat Hy ons Sy Seun gestuur het om ons sonde te vesoen.

Amen